

**Kort Toespraak by Geleentheid van die Toekenning van 'n Eredoktoraat in Theologie deur die Vrije Universiteit te Amsterdam aan Beijers Naudé.**

*Meneer die Rektor, Geagte Aanwesiges,*

Vergun my om my hartgrondige dank te betuig aan die Kollege van Dekanen van die Vrije Universiteit vir die groot eer my aangedoen deur u toekenning aan my van 'n eredoktoraat in teologie. Vergun my verder om my diepe waardering te betuig aan die teologiese fakulteit van die Universiteit op wie se voordrag die toekenning geskied het en by name aan my hooggeagte promotor, Prof. dr. G.C. Berkouwer vir sy gewilligheid om as sodanig op te tree. As ek in ag neem nie alleen die hoë standaard wat u Universiteit nog altyd gehandhaaf het in die toekenning van u doktorsgrade maar ook hoë vereistes wat u nog altyd gestel het vir die toekenning van 'n eredoktoraat dan verkry u besluit vir my nog groter waarde.

Vergun my verder om, afgesien van die besondere persoonlike eerbetoon wat dit inhou, aan u te probeer oordra die betekenis van hierdie besluit soos ek as Suid-Afrikaner dit sien:

- (1) Ek sien dit as 'n openbare erkenning van die doelstelling en arbeid van die Christelike Instituut. Die Vrije Universiteit het reeds op verskeie maniere gedurende die afgelope aantal jare sy instemming betuig met die arbeid van die Christelike Instituut o.a. deur finansiële steun aan sommige van sy opvoedkundige projekte en deur publisiteit aan sy werk. Nou volg die erkenning voor die oë van almal van 'n nege-jaar lange arbeid onder moeilike omstandighede as 'n stuk Christelike getuigenis wat ongelukkig op hierdie tydstip nog deur baie blankes in Suid-Afrika veral uit die Kringe van die 3 Hollands-Afrikaanse Kerke, óf negeer óf verwerp óf verdag gemaak word.
- (2) Ek sien dit verder as 'n openbare vereenselwiging van u kant met die stryd om rassegeregtigheid in Suid-Afrika, 'n daad van Christelike solidariteit met wit en swart wat impliseer dat u aan al die instansies in Suid-Afrika wat soek om die Christelike Instituut verdrag te maak deur leuen propaganda, deur intimidasie en dodelose ondersoekte duidelik te kenne gee: Ons aanvaar nie die verwronge beeld wat u voordra nie, want ons weet wat die C.I. is en wil. Maar dit hou ook verder in dat u 'n appél doen op die gewete van almal in Suid-Afrika wat die Christelike Instituut veroordeel en verwerp om hulle houding en optrede te hersien en te verander - nie ter wille van die C.I. in die eerste plek nie, maar ter wille van die waarheid van die Evangelie en die welsyn van die hele bevolking.
- (3) Maar van allergrootste belang vir my is die boodskap wat die besluit inhou vir die swart gemeenskap van Suid-Afrika (die Afrikane, kleurlinge en Asiërs): dat hulle daarin sien 'n teken van hoop - hoe klein ookal - wat aan hulle oorgedra word deur dieselfde volk wat 320 jaar gelede voet aan wal gesit het van 'n land wat hulle gesien het as 'n Kaap van Goeie Hoop. Vir baie jare het die swart bevolking gehoop dat die bevryding van die swartman uit sy situasie van verontregting en verknegting sou kom deur 'n verandering van

hart by die blankes: toe dit blyk 'n ydele hoop te wees het die swartman sy oë hoopvol gevestig op die buiteland - ook tevergeefs, hoewel hy met dankbaarheid erken watter bemoediging hy haal uit die morele en finansiële steun van simpatiekgesindes buite Suid Afrika. Vandag egter groei die besef meer en meer dat, hoewel steun van blankes binne sowel as buite Suid-Afrika met dank erken word as bewys van besorgdheid en as betuiging van solidariteit, die ware bevryding van die swartman in ons land alleen bewerkstellig kan word deur die Suid-Afrikaanse swart gemeenskap self. Ek glo dat dit van pas is om by hierdie besondere geleentheid in die bestek van 'n paar minute 'n kort samevattende antwoord te gee op die vraag van die hoop en die uitsig wat daar lewe in die harte van almal in Suid-Afrika wat die doelstellinge en arbeid van die C.I. onderskryf of ondersteun. Daarom net die volgende:

(1) Suid -Afrika is 'n veelrassige land en geen besluite of beleidsbepalings, politiek of ekonomies, vrywillig of gedwonge, gaan enige weselike verskil aan hierdie werklikheid maak nie. Self sal sou al agt Bantoetuislande onmiddellik volwaardige onafhankelike kry (en ek betwyfel baie sterk die moontlikheid dat dit binne die volgende 15-20 jaar sal gebeur - as die huidige Regering dit ooit sal toelaat - dan bly daar nog binne die sogenaamd blank-verklaarde Suid-Afrika minstens 8 miljoen Afrikane, 2 1/4 miljoen Kleurlinge en 3/4 miljoen Asiërs - dus 'n totaal van 11 miljoen swart en bruin teenoor 4 miljoen wit. Geen ideologiese wensdenkery of politieke toutrekkery gaan aan hierdie feite en werklikheid weselik iets verander nie. En die blanke wat hardkoppig of vreesbevange bly weier om dit te erken verhaas met die dag dat daar, gevolglik nie vir die swartman of die bruinman nie maar vir die witman, geen plek meer in Suid-Afrika sal wees nie.

(2) Suid-Afrika staan by die ingang van 'n tydperk waar hy die wrange vrugte van sy beleid van gedwonge rasseskeiding begin pluk. Die eis om erkenning van swart identiteit volg op die oorbeklemtoning van wit identiteit; swart bewuswording groei uit die miskennis van swartmenswaardigheid; swart apartheid, swart solidariteit en swart mag, groei as noodwendige psigologiese verweer teen wit apartheid, wit solidariteit en wit mag. Die positiewe waarde en betekenis van hierdie grootskaalse ontwaking van swart bewussyn in Suid-Afrika word met dankbaarheid en vreugde deur die Christelike Instituut begroet, maar ons durf nie ons oë sluit vir die feit dat die jarelange miskennis van die swartman noodwendig skerp negatiewe reaksies van agressie en verwerping by ons swart gemeenskap na vore gaan roep wat op sy beurt weer die blanke as groep in 'n sterker solidariteit van vrees en verset gaan dwing. En sodoende groei die proses van polarisasie wat onafwendbaar uitloop op botsing en geweldensy dit betyds gekeer of beheer word.

(3) In hierdie situasie word Kerke en Christene geroep om 'n besondere taak te vervul: (a) Om erkenning te verleen aan die gewettigde politieke aspirasies van die swart gemeenskap (b) om erkenning te verleen aan al die positiewe oogmerke van swart bewuswording, vrymoedige steun daaraan te verleen en die blanke te help insien watter fundamentele verandering daar in die lewenshouding by die swartman plaatsgevind het (c) om volle steun te verleen aan die verwydering van alle vorms van rassediskriminasie en rasse-onreg (d) om ak-

tief mee te werk om toe te sien dat die proses van polarisasie tussen wit en swart tot 'n halt geroep word voordat die verwydering so ver ontwikkel dat versoening nie meer moontlik is nie, Duidelik moet daarop gewys word dat die werklike vyande van Suid-Afrika nie die kampvegters *teen* apartheid is nie, maar wel die Kampvegters *vir* apartheid (of vir enige sisteem van "selfstandige ontwikkeling" wat die onreg van die huidige rassebeleid van ons land inhou).

Dis op hierdie gebied waar Kerke en Christene in ons land hulle primêre taak van getuieis en diens moet sien in die volgende dekade. Suid-Afrika staan op die vooraand van ingrypende veranderinge in ekonomiese en sosiale verhoudinge. Die magte van verandering wat in beweging gebring is deur tegnologiese ontwikkeling gaan onafwendbaar voort en is besig om 'n gisting van nuwe denke te veroorsaak wat nie teëgehou kan word nie. Dis die taak - en die voorreg - van die Kerk om dië magte van verandering te ontdek, te verwelkom en te ondersteun. Dis die bewys van die mens se gewillige en vreugdevolle meewerking aan Gods vernuwende werk. En waar die Kerk as instituut dit nog nie insien en sy saamenwerking verleen nie is Christene as enkelinge en as klein groepies geroepe om as instrumente van vernuwing hulleself tot beskikking van God te stel - soos ons probeer doen - om aktief mee te werk aan die koms van die nuwe dag waar die euwel van rassisme uitgewis is en waar die vreugdevolle vryheid van die bevoorregtes onder Gods kinders die erfdeel van al sy kinders sal word.

Amsterdam, 20 Oktober 1972

